**26 MAART** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 17**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 17:6, 7**

## Die enigste uitkoms: God moet ingryp

Dawid bevind hom in die allergrootste nood. Daar is ‘n vervolger op sy spoor. Dalk Saul, dalk Absalom. Die doelwit van sy vyand is duidelik: Dawid moet uit die weg geruim word, hy moet doodgemaak word. Net God kan hom red. Al die ander uitweë is toe. Mense kan nie, die oormag is te groot. Vindingrykheid kan ook nie, want die kring is te nou. Hy is uitgelewer aan diegene wat sy lewe soek, al is hy onskuldig.

Dink maar ‘n bietjie aan jou lewensnoutes. Hoe dikwels loop jy jou vas teen lewensprobleme wat jou uitlewer aan meedoënlose mense. Jy word beskuldig van oneerlikheid of aandadigheid aan dinge waarvoor jy nie verantwoordelik is nie. Enigiets wat jy sê of doen, word skeefgetrek om almal te laat glo dat jy ‘n skurk is. Jou hande is afgekap. Soos Dawid besef jy jou enigste uitvlug is God. Jy weet nét die Here kan ingryp. Die weg van die getroue is die enigste vir Dawid en vir jou. Jy moet jouself blootlê voor God en op grond daarvan dat jy onskuldig is aan die dinge waarvan jy beskuldig word, pleit dat Hy jou saak op Hom sal neem. Intenser word jou soeke na God as jy besef jy is vasgekeer. Net die Here se persoonlike ingrype kan nou red. Jou vyand troef jou met sy lis en is gereed vir die uitklophou.

Dan besef jy: Jesus Christus het dié pad geloop. Net God kan red. Saul en Absalom het deur God se hand gefaal.

*Sing: Psalm 17:4 (Totius)* *Ds Vasie de Kock (Potchefstroom-Suid)*